- “GEP-wet” die *Government Employees Pension Law*, 1996 (Proklamasie No. 21 van 1996);
- “HB” die Hoofbeampte van die Fonds aangestel ingevolge Reël 4.2.5 van die Reëls van die Regeringswerknehmerspensioenfonds, wat Bylae 1 by die GEP-wet is;
- “HUB” die Hoof- Uitvoerende Beampte van die AASP soos beoog in Kolom 2 van Deel A van Bylae 3 by die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994);
- “Kabinet” die Kabinet beoog in artikel 91 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- “Minister” die Minister van Finansies;
- “Nationale Tesourie” die Nasionale Tesourie ingestel by artikel 5 van die WOFB;
- “Raad van Trustees” die Raad van Trustees ingestel by artikel 6 van die GEP-wet;
- “regeringskomponent” 'n regeringskomponent soos omskryf in artikel 1 van die Staatsdienswet;
- “senior bestuurder” 'n lid van die senior bestuursdiens ingevolge die Staatsdiensregulasies, 2001;
- “staatsdiens” die staatsdiens beoog in artikel 8 van die Staatsdienswet;
- “Staatsdienswet” of “SDW” die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994);

“**werksdag**” enige dag behalwe ’n Saterdag of Sondag of openbare vakansiedag waarvoor ingevolge die Wet op Openbare Vakansiedae, 1994 (Wet No. 36 van 1994), voorsiening gemaak word; en

“**WOFB**” die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999).

### **Doeleindes**

2. Die AASP word ingestel vir die doeleteindes van die administrasie van die Regeringswerknehmerspensioenfonds (RWPF), die Pensioenfonds vir Geassosieerde Inrigtings (PFGI), die Pensioenfonds vir Tydelike Werknemers (PFTW) en die siviele en militêre pensioenfondse, maatskaplike voordele en ná-uitdienstredingsreeélings met betrekking tot mediese hulpskemas in paragraaf 8(2)(c)(i)-(v) vermeld.

### **Werksaamhede en bevoegdhede van AASP en verhouding tussen partye**

3.(1) Die AASP verskaf pensioenadministrasiedienste aan die RWPF en aan die Nasionale Tesourie ten opsigte van die Pensioenfonds vir Geassosieerde Inrigtings (PFGI), die Pensioenfonds vir Tydelike Werknemers (PFTW) en die siviele en militêre pensioenfondse, maatskaplike voordele en ná-uitdienstredingsreeélings met betrekking tot mediese hulpskemas in paragraaf 8(2)(c)(i)-(v) vermeld.

(2) Die pensioenadministrasiedienste wat verskaf moet word, moet vermeld word in diensvlakooreenkomste wat tussen die AASP en die hoofde daarvan, naamlik die Nasionale Tesourie en die Fonds, aangegaan word.

(3) Die Raad van Trustees, namens die Fonds, en die AASP moet, vir die lewering van dienste beoog in subparagraph (2), ’n administrasieoordeelkoms aangaan waarin ’n diensvlakooreenkoms opgeneem is wat die besonderhede uiteensit van die prestasiekriteria, -maatreëls en -diensvlakke waaraan die Fonds en die AASP sal voldoen.

(4) Die verhouding tussen die AASP, die Fonds en die Nasionale Tesourie moet in ’n verklaring van samewerking tussen die partye uiteengesit word.

(5) Die AASP moet memorandums van verstandhouding of verklarings van betrokkenheid aangaan met werkgewerdepartemente by wie hy betrokke is, waarin daar onder meer aan die volgende aspekte aandag gegee moet word:

- (a) Die aard van die verhouding tussen die AASP en die werkgewerdepartement;
  - (b) die aard van en tydsreeëling met betrekking tot interaksie tussen die AASP en die werkgewerdepartement;
  - (c) die bywerking van lededata en -reksels;
  - (d) die invordering van bydraes;
  - (e) die toelating van lede;
  - (f) proaktiewe interaksie met begunstigdes;
  - (g) die spesifikasie van toepaslike tegnologie en stelsels wat gebruik moet word; en
  - (h) die prosesse en procedures wat gevvolg moet word.
- (6) In die lewering van pensioenadministrasiedienste aan sy lede-
- (a) mag die AASP slegs doen wat by wet, met inbegrip van die ooreenkomste deur hom aangegaan met sy kliënte, gemagtig word; en
  - (b) is die AASP onderworpe aan al die toepaslike wetgewings- en ander regsvvereistes, asook die bepalings van die ooreenkomste deur hom aangegaan met sy kliënte.
- (7) Die AASP verrig sy werksaamhede behoudens die algemene leiding deur die Minister verskaf.
- (8) Die werksaamhede en prestasie van die AASP moet binne vyf jaar ná die datum van die instelling van die AASP deeglik beoordeel word, en minstens een maal elke vyf jaar daarna, maar beoordelings kan meer dikwels uitgevoer word, op versoek van die Nasionale Tesourie, die RWPF of die AASP.

#### **Aanstelling van HUB en personeel van AASP**

- 4.(1) Die HUB word deur die President aangestel ooreenkomstig die toepaslike vereistes in die Staatsdienswet vervat.
- (2) Die werknemers van die AASP, behalwe die HUB, word ingevolge die Staatsdienswet aangestel.

**Bevoegdhede verleen en pligte opgelê aan HUB**

5.(1) Die HUB is verantwoordingspligtig vir die finansiële en bedryfsprestasie van die AASP, ooreenkomsdig die voorskrifte van die SDW, die WOFB, en ander toepaslike wetgewing.

(2) Die HUB het die bevoegdhede en gesag gelykstaande aan 'n departementshoof, soos omskryf in artikel 7(3)(a), (b) en (c) van die SDW, om die AASP te bestuur, en die HUB is verantwoordingspligtig teenoor die Minister.

(3) Ingevolge artikel 7(3)(b) van die SDW is die HUB verantwoordelik vir die doeltreffende bestuur en administrasie van die AASP, met inbegrip van die effektiewe aanwending en opleiding van personeel, die handhawing van discipline, die bevordering van gesonde arbeidsverhoudinge en die behoorlike gebruik en versorging van staatseiendom.

(4) Die HUB moet voldoen aan die vereistes in die WOFB wat van toepassing is op 'n rekenpligtige beampie van 'n organisasiekomponent soos beoog in die WOFB.

(5) Die HUB is, as hoof van die AASP, daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat hy of sy en die AASP aan al die toepaslike wetgewings- en ander regsvereistes voldoen, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, die GEP-wet, die WOFB, die SDW, die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000), die *Promotion of Administrative Justice Act*, 2000 (Wet No. 3 van 2000), die *Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act*, 2000 (Wet No. 4 van 2000), die *Preferential Procurement Policy Framework Act*, 2000 (Wet No. 5 van 2000), die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), die Wet op die Nasionale Argief en Rekordsdiens van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 43 van 1996), en die Wet op die Staatsinligtingstegnologie-agentskap, 1998 (Wet No. 88 van 1998).

**Voldoening**

6.(1) Die AASP moet voldoen aan enige toepaslike wet, met inbegrip van gemenereg, en in die geval van 'n botsing tussen enige wet en die bepalings van hierdie Bylae, geniet sodanige wet voorrang.

(2) Die AASP moet sy bevoegdhede uitoefen en sy dienste lewer ooreenkomstig gepaste etiese standarde en die beginsels van goeie bestuur en leiding.

(3) Die AASP moet sy dienste lewer aan die Fonds, die Raad van Trustees, en die Nasionale Tesourie in 'n gees van samewerking ooreenkomstig die administrasieooreenkomste en diensvlakooreenkomste tussen die AASP, die Fonds en die Nasionale Tesourie, en moet effektiewe, deursigtige, verantwoordingspligtige en samehangende bestuur en leiding verseker van die pensioenfondse wat tans deur die Fonds gadministreer word.

(4) Geen HUB of senior bestuurder van die AASP kan, binne twee jaar ná hy of sy die staatsdiens verlaat het, regstreeks of onregstreeks enige goedere of dienste aan die AASP, die Fonds of die Raad van Trustees verskaf of lewer nie, tensy die Minister, vóór sodanige goedere verskaf of dienste gelewer word, dit skriftelik goedkeur.

(5) Subparagraaf (4) is met die nodige veranderinge van toepassing op enige maatskappy of ander entiteit wat voornemens is om goedere te verkoop of dienste te lewer, of wat die goedere verkoop of dienste lewer, aan die AASP—

- (a) waarin die voormalige werknemer van die AASP 'n amp beklee, hetsy vir vergoeding al dan nie;
- (b) aan wie die voormalige werknemer van die AASP dienste lewer, hetsy vir vergoeding al dan nie;
- (c) in wie se diens die voormalige werknemer van die AASP is, hetsy vir vergoeding al dan nie; of
- (d) waarin die voormalige werknemer van die AASP enige ander regstreekse of onregstreekse wesentlike belang het, van welke aard ook al.

(6) Enige goedkeuring deur die Minister verleen kragtens subparagraaf (4) moet in die AASP se jaarverslag opgeteken word.

### **Finansiële reëlings**

7. (1) Die werksaamhede van die AASP word gefinansier deur gelde verhaal van onderskeidelik die RWPF en Nasionale Tesourie wat gestructureer is om die koste te verhaal van die lewering van administrasiedienste aan die RWPF en aan die Nasionale Tesourie ten opsigte van die PFGI, die PFTW en die siviele en militêre pensioenfondse, maatskaplike voordele en ná-uitdienstredingsreëlings met betrekking tot mediese hulpskemas in paragraaf 8(2)(c)(i)-(v) vermeld.

- (2) Die AASP moet diensvlakooreenkomste, wat binne die administrasieooreenkomste opgeneem is, met sy hoofde aangaan waarin die voorwaardes van betrokkenheid, met inbegrip van die gelde wat gevra gaan word en die finansiële reëlings met betrekking tot dié administrasiedienste, vermeld word.
- (3) Die AASP moet strategiese en bedryfsplanne opstel asook 'n driejaar-uitgawe-en-inkomste-begroting in ooreenstemming met die vereistes van die WOFB en die Begrotingsafdeling van die Nasionale Tesourie, wat vóór die aanvang van die boekjaar deur die Minister goedgekeur moet word.
- (4) Die AASP se begroting en finansiële state moet die geprojekteerde uitgawes en inkomste wat gepaard gaan met administrasiedienste aan die RWPF, PFGI en PFTW, en die siviele en militêre pensioenfondse, maatskaplike voordele en ná-uitdienstredingsreëlings met betrekking tot mediese hulpskemas in paragraaf 8(2)(c)(i)-(v) vermeld, afsonderlik aandui.
- (5) Die AASP mag nie vir 'n tekort begroot nie, en word as 'n selfgefinsioneerde entiteit bedryf uit die gelde ontvang vir dienste wat gelewer word.
- (6) Die Minister oefen uitvoerende gesag uit oor die gekonsolideerde begroting van die AASP.
- (7) Die AASP en die Nasionale Tesourie moet 'n administrasieooreenkoms aangaan wat die procedures, verwagtinge, rekeninge en laste van die AASP en die Nasionale Tesourie omskryf.
- (8) Die AASP en die Fonds moet 'n administrasieooreenkoms aangaan wat die procedures, verwagtinge, rekeninge en laste van die AASP en die RWPF omskryf.
- (9) Die finansiële bestuur van die AASP word beheers deur die WOFB en die Tesourieregulasies.
- (10) Die rekeninge van die AASP moet deur die Ouditeur-generaal geouditeer word, en die verslag van die Ouditeur-generaal moet in die AASP se jaarverslag ingesluit word.

#### **Verslagdoeningsvereistes van die HUB en verantwoordelikhede van die Fonds**

- 8.(1) Die bepalings van hierdie paragraaf onthef nie die HUB enigsins daarvan om te voldoen aan enige tersaaklike bepalings van die WOFB of enige ander wet ten opsigte van verslagdoeningsvereistes nie.
- (2) Die HUB is aanspreeklik teenoor-

- (a) die Minister, as die uitvoerende gesag verantwoordelik vir die AASP, ten opsigte van bestuur en leiding, werksaamhede, personeel en finansiële administrasie van die GPAA;
- (b) die Raad van Trustees, ooreenkomstig die bepalings van die GEP-wet en die administrasieooreenkoms en diensvlakooreenkoms tussen die AASP en die Fonds, ten opsigte van die wettige, doeltreffende en koste-effektiewe administrasie van die Fonds se sake;
- (c) die DG, ooreenkomstig die bepalings van die diensvlakooreenkoms tussen die AASP en die Nasionale Tesourie ten opsigte van–
  - (i) PFGI-administrasie, ingevolge die Wet op die Pensioenfonds vir Geassosieerde Inrigtings, 1963 (Wet No. 41 van 1963);
  - (ii) mediese subsidies met betrekking tot die tydperk ná uitdienstreding, waarvoor voorsiening gemaak word in en wat gereël word deur besluite van die Koördinerende Bedingsraad vir die Staatsdiens (PSCBC-besluite);
  - (iii) die administrasie van militêre pensioene ingevolge die Wet op Militêre Pensioene, 1976 (Wet No. 84 van 1976);
  - (iv) die administrasie van betalings vir beserings aan diens ingevolge die Wet op die Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1993 (Wet No. 130 van 1993); en
  - (v) die administrasie van spesiale pensioene ingevolge die Wet op Spesiale Pensioene, 1996 (Wet No. 69 van 1996).

(3) Behoudens toepaslike wette oor toegang tot inligting en vertroulikheid moet die HUB, ná ontvangs van 'n skriftelike versoek van die Minister of die Adjunkminister vir inligting gehou deur die AASP, onverwyld al die inligting voorlê wat versoek is, asook enige ander inligting wat ook tersaaklik kan wees vir die Minister of die Adjunkminister, na gelang van die geval.

(4) Die HUB moet–

- (a) op 'n kwartaallikse grondslag, al die tersaaklike verslae en prestasie-inligting van die AASP;
- (b) jaarliks die AASP se strategiese plan en begroting, jaarverslag en finansiële jaarstate; en
- (c) enige inligting ten opsigte van die AASP wat redelikerwys skriftelik aangevra word,

aan die Minister en die Raad van Trustees voorlê.

(5) Die HUB moet die HB, binne veertien (14) dae, of die ander tydperk waaroer anders deur die HUB en die HB ooreengekom word, voorsien van enige inligting wat redelikerwys deur die HB versoek word en, in die besonder, inligting wat verband hou met lewerbare aspekte en uitsette, wat in die diensvlakooreenkoms tussen die Fonds en die AASP vermeld moet word.

(6) Indien die HB die HUB uitnooi om 'n vergadering met die Fonds of die Raad van Trustees by te woon, moet die HUB dit doen, tensy hy of sy ander dringende afsprake het wat reeds vooraf gemaak is, in welke geval die HUB die HB moet inlig dat hy of sy nie die vergadering kan bywoon nie, en moet aandui wie hom of haar by die vergadering sal verteenwoordig.

(7) Die bepalings van hierdie Kennisgewing doen geensins afbreuk aan die gelyke status wat die HB en die HUB as onderskeidelik die hoof van die Fonds en die hoof van 'n regeringskomponent geniet nie.

#### **Finansiële verslagdoening en reëlings**

9. Behoudens paragraaf 10(d) moet alle finansiële, beleids- en prosedurereëlings vir die AASP vanaf die datum van die instelling van die AASP as 'n regeringskomponent deur die President van die Republiek, voldoen aan die vereistes wat op 'n organisasiekomponent soos beoog in die WOFB van toepassing is.

#### **Tussentydse reëlings tussen Fonds en AASP**

10. Die AASP en die Fonds moet onverwyld, ná die AASP se instelling, 'n ooreenkoms aangaan ten opsigte van die oordrag van werknemers en werkzaamhede, waarin voorsiening gemaak word vir–

- (a) die oordrag van werknemers van die Fonds aan die AASP by die instelling van die AASP;
- (b) die oordrag van bates van die Fonds aan die AASP by die instelling van die AASP;
- (c) finansiële reëlings;
- (d) enige ander aangeleentheid wat nodig is vir die effektiewe en doeltreffende funksionering van die AASP,

en die Fonds en die AASP moet, minstens een maal per jaar tydens die duur van die ooreenkoms, die ooreenkoms hersien en aanpas, om die voortgesette lewering van dienste te verseker in die tussentydse tydperk terwyl die volledige skeiding van die werkzaamhede van die AASP en die Fonds voltooi word.

### **Adviesraad**

11.(1) Die Minister kan, ingevolge artikel 7A(4)(e) van die SDW, te eniger tyd 'n Adviesraad vir die AASP aanstel, maar geen bepaling van hierdie Bylae verplig die Minister om 'n Adviesraad aan te stel nie.

(2) Die aanstelling van die Adviesraad, indien 'n Adviesraad aangestel word, is onderworpe aan, en moet gedoen word in ooreenstemming met, die bepalings van hierdie Deel.

(3) Die Adviesraad se funksie is om die Minister te adviseer oor administrasieaangeleenthede in die algemeen, oor die prestasie, bestuur en leiding en werkzaamhede van die AASP, en oor enige spesifieke aangeleentheid wat die Minister van tyd tot tyd op skrif bepaal, maar die Adviesraad het nie enige uitvoerende werkzaamhede, pligte of bevoegdhede nie.

(4) Die Minister mag nie meer as ag lede in die Adviesraad aanstel nie, die HUB, wat 'n *ex officio*-lid van die Raad is, uitgesluit.

(5) Die Minister moet die Raadslede aanstel op grond van die volgende beginsels:

- (a) aanstellings moet beheers word deur die oorkoepelende beginsel van keuring op grond van verdienste, bepaal deur 'n beoordeling van–
  - (i) die oogmerk, funksies en werkzaamhede van die AASP;
  - (ii) al die bevoegheds- en bedrewenheidsaspekte wat kollektief deur die Raad vereis word, met inbegrip van die tersaaklike vaardighede, kundigheid en ondervinding;
  - (iii) die kwalifikasies, vaardighede, kundigheid en ondervinding van elke individuele voornemende kandidaat;
- (b) ná die aanstelling van die individuele lede moet die Raad in die breë die demografie van die Republiek weerspieël.

(6) Die Minister moet–

- (a) enige Raadslid behalwe die HUB as Voorsitter van die Adviesraad aanstel;

- (b) enige Raadslid behalwe die HUB aanstel as Voorsitter van enige subkomitee van die Adviesraad wat deur die Minister ingestel is.
- (7) Niemand mag in die Adviesraad aangestel word—
- (a) wat 'n lid van die Parlement, 'n lid van 'n provinsiale wetgewer, 'n lid van die Kabinet of 'n Adjunkminister, 'n lid van 'n huis of raad van tradisionele leiers, of 'n lid van 'n munisipale raad is nie;
  - (b) wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner is nie;
  - (c) wat 'n pos beklee in, of wat in diens is van, of wat 'n belang van watter aard ook al het in, 'n maatskappy of ander entiteit wat goedere verkoop of dienste lewer aan die AASP vir sy eie funksionering, of wie se gade, lewensmaat of sakevennoot of -geassosieerde sodanige pos beklee, in sodanige diens is of sodanige belang het nie;
  - (d) wat onbevoeg is om op te tree as 'n direkteur van 'n maatskappy wat ingelyf is ingevolge die Maatskappwyet, 1973 (Wet No. 61 van 1973) of die Maatskappwyet, 2008 (Wet No. 71 van 2008), nie; of
  - (e) wat, hetsy in die Republiek of elders, skuldig bevind is aan 'n misdryf waarby oneerlikheid betrokke is of enige ander misdryf waarvoor sodanige persoon tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis is nie.
- (8) 'n Lid van die Adviesraad (behalwe die HUB, wat 'n *ex officio*-lid is)—
- (a) dien as 'n lid van die Adviesraad op die bepalings en voorwaardes deur die Minister bepaal ná oorleg met die Minister vir die Staatsdiens en Administrasie; en
  - (b) kan bedank deur een maand se skriftelike kennis aan die Minister te gee.
- (9) Die Adviesraad dien na die Minister se goeddunke, en die Minister kan te eniger tyd—
- (a) die Adviesraad ontbind, en, indien die Minister dit verlang, 'n nuwe Raad aanstel;
  - (b) die lidmaatskap van 'n individuele Raadslid in die Adviesraad beëindig; maar die Minister moet, wanneer die Raad aldus ontbind word of die lidmaatskap in die Raad van 'n individuele Raadslid aldus beëindig word, onmiddellik skriftelike redes vir die ontbinding of beëindiging, na gelang van die geval, verstrek aan enige Raadslid wat geraak word.

(10) Die Minister moet, wanneer die Adviesraad ingestel word, vir openbare kennisname en op enige gepaste wyse, die name van die lede van die Adviesraad, tesame met enige tersaaklike inligting oor die agtergrond van die lede van die Adviesraad, publiseer.

(11) Die Adviesraad het, behoudens toepaslike wette wat met toegang tot inligting en vertroulikheid verband hou—

- (a) die reg, behoudens subparagraphe (13) en (14), om sy eie subkomitees in te stel;
- (b) die reg van onmiddellike toegang tot enige inligting deur die AASP gehou, behalwe inligting wat van tyd tot tyd spesifiek skriftelik deur die Minister vermeld word as nie by dié kategorie ingesluit te wees nie;
- (c) die reg van onmiddellike toegang tot enige inligting deur die Nasionale Tesourie gehou met betrekking tot die AASP, behalwe inligting wat van tyd tot tyd spesifiek skriftelik deur die Minister vermeld word as nie by dié kategorie ingesluit te wees nie;
- (d) die reg om afskrifte van enige dokument te ontvang wat ingevolge hierdie Kennisgewing deur die HUB voorgelê word aan die Minister, die DG of die HB, na gelang van die geval, behalwe dokumente wat van tyd tot tyd spesifiek skriftelik deur die Minister vermeld word as nie by dié kategorie ingesluit te wees nie;
- (e) die bevoegdheid om enige werknemer van die AASP of die Nasionale Tesourie te versoek om enige vergadering van die Adviesraad of enige van sy subkomitees by te woon, en om by so 'n vergadering skriftelike of mondeline getuienis te lewer, en tensy die Minister so 'n persoon skriftelik verskoon van die bywoning van daardie vergadering, moet so 'n werknemer die vergadering bywoon en skriftelike of mondeline getuienis lewer soos deur die Adviesraad versoek.

(12) Die Adviesraad kan, te eniger tyd, met of sonder die instemming of ondersteuning van die HUB, die Minister of die Adjunkminister regstreeks nader, en enige tersaaklike verslag aan enigeen of albei van daardie persone voorlê oor enige aangeleentheid wat met die werkzaamheid van die Adviesraad verband hou.

(13) Behoudens subparagraphe (14) en (15) kan die Minister, te eniger tyd, die Adviesraad skriftelik gelas om 'n bepaalde subkomitee in te stel, maar dit weerhou nie

die Adviesraad daarvan om sy eie subkomitees in te stel soos in item (a) van subparagraaf (11) bepaal nie.

(14) Die Adviesraad moet te alle tye subkomitees hê om advies te gee oor aangeleenthede rakende oudit en risikobestuur ten opsigte van die AASP.

(15) Enige komitee of ander liggaam wat ten opsigte van 'n regeringskomponent by 'n Parlementsverdrag of ingevolge onderskeikleur wetgewing ingestel of voorgeskryf word, moet soos voorgeskryf ingestel en bestuur word, maar—

(a) so 'n komitee of liggaam maak nie 'n subkomitee van die Adviesraad uit nie;

(b) die Adviesraad het toegang tot enige dokument deur of namens so 'n komitee of liggaam voortgebring, tensy die Minister skriftelik anders gelas.

(16) Behoudens die bepalings van hierdie paragraaf en enige toepaslike wet bepaal die Adviesraad sy eie reëls, verrigtings en procedures ten opsigte van sy vergaderings.

(17) Die Adviesraad moet minstens vier maal per jaar vergader.

(18) Sonder om enigsins afbreuk te doen aan die bepalings van enige toepaslike wet, moet die Adviesraad, in dié mate waarin dit uitvoerbaar is, hou by enige beleid, kode, protokol, riglyn of soortgelyke dokument oor staatsbestuur of etiek in die staatsdiens wat deur die Kabinet goedgekeur is.

(19) Die vergaderings, notules en verslae van die Adviesraad of enige van sy subkomitees is vertroulik tensy—

(a) die Minister of die Voorsitter van die Adviesraad skriftelik anders gelas; of

(b) daar geen waarskynlikheid bestaan dat die strategiese belang van die AASP, die Nasionale Tesourie of die Fonds in gevaar gestel sal word indien dit gepubliseer word nie.

(20) Die Adviesraad stem nie oor sake wat voor hom dien nie, maar moet daarna streef om advies aan die Minister of die HUB te verskaf wat op voldoende konsensus gebaseer is. Indien 'n individuele lid van die Adviesraad, behalwe die HUB, sterk verskil met dit wat die Raad se konsensus blyk te wees, kan sy of haar teenkanting en die redes vir sodanige teenkanting deur hom of haar aangeteken word, en dié afwykende mening moet in enige verslag oor die betrokke saak aan die Minister, Adjunkminister of HUB, na gelang van die geval, ingesluit word.

(21) Die AASP moet 'n sekretariaat vir die Adviesraad verskaf, en is verantwoordelik vir die verskaffing van die fasilitate en administratiewe, sekretariële en logistieke ondersteuning wat die Adviesraad redelikerwys nodig het.

(22) Die Nasionale Tesourie is verantwoordelik en verantwoordingspligtig vir die Adviesraad se uitgawes.

(23) Die HUB maak nie, in die afwesigheid van ander lede, die Adviesraad uit nie.

(24) Geen vergoeding is aan 'n werknemer van 'n staatsorgaan betaalbaar ten opsigte van sy of haar lidmaatskap van die Adviesraad nie, maar die HUB kan, vir enige doel wat regstreeks met 'n bedrywigheid van die Adviesraad verband hou, al die lede van die Adviesraad vergoed ten opsigte van enige koste wat met reis, parkering, akkommodasie en verblyf verband hou en wat redelikerwys aangegaan is.

#### **Verantwoordelikhede van en beperkings op Adviesraadslede**

12.(1) 'n Lid van die Adviesraad, met inbegrip van die HUB, wat te eniger tyd gedurende sy of haar ampstermyn op grond van enige van die gronde beoog in paragraaf 11(7) onbevoeg raak om 'n lid van die Adviesraad te wees—

- (a) moet die Minister en die Voorsitter van die Adviesraad onmiddellik skriftelik in kennis stel van daardie onbevoegdheid en die Minister moet daardie lid dan onverwyld uit die Adviesraad verweder; en
- (b) het nie die reg om 'n vergadering van die Adviesraad by te woon vandat hy of sy aldus onbevoeg word totdat hy of sy deur die Minister verweder word nie.

(2) 'n Lid van die Adviesraad wat op enige wyse, regstreeks of onregstreeks, 'n belang verkry, of voornemens is om 'n belang te verkry, in 'n transaksie of projek van die AASP, moet onmiddellik die aard van sy of haar belang of voorneme skriftelik aan die Voorsitter bekend maak, of indien daardie lid die Voorsitter is, moet hy of sy dit onmiddellik bekend maak aan die Minister, asook aan die Adviesraad by sy volgende vergadering.

(3) Die bekendmaking aan die Adviesraad beoog in subparagraaf (2) moet opgeteken word in die notule van die vergadering.

(4) 'n Lid van die Adviesraad wat 'n belang beoog in subparagraaf (2) verkry of voornemens is om dit te verkry, mag nie deelneem aan enige bespreking of beraadslaging van die Adviesraad wat verband hou met daardie transaksie of projek beoog in subparagraaf (2) nie.

**Verslagdoeningsvereistes ten opsigte van Adviesraad**

13.(1) Indien die Minister die Adviesraad se advies oor 'n bepaalde aangeleentheid skriftelik versoek het, moet die Adviesraad so gou doenlik 'n verslag met sy advies aan die Minister voorlê.

(2) Die Adviesraad moet, so dikwels as wat die Adviesraad dit nodig ag, 'n verslag oor sy advies of aktwiteit aan die Minister voorlê, ongeag of die Minister sodanige advies spesifiek versoek het al dan nie.

(3) Die Adviesraad moet enige mondelinge advies wat aan die HUB gegee word in die betrokke notule van die Adviesraad se vergadering opneem.

(4) Die Voorsitter van die Adviesraad moet die notule van elke Raadsvergadering aan die Minister, die Adjunkminister, en die DG deurstuur binne tien werksdae ná daardie notule deur die Raad goedgekeur is.

---